VREES JY KANKER?

Dokters het geen geneesmiddel daarvoor nie — maar 'n engel gestuur uit die teenwoordigheid van die Here het vir Broer Branham 'n onfeilbare voorskrif gegee wat enige lyer sal genees. Luister na die engel se woorde:

> "As jy die mense kan laat glo, sal niks voor jou staan nie, SELFS NIE KANKER NIE."

2 In die drie jaar wat ek in die land rond was in die Branham byeenkomste, het ek opgelet dat kanker die demoon is wat die dikwelste verslaan word deur Broer Branham se bediening. Baie meer kankerlyers word verslaan deur Broer Branham se bediening. Baie meer kankerlyers word genees as enige ander siekte. Ek is so bly hiervoor omdat kanker vinnig versprei, en dokters tot nog toe geen geneesmiddel het om dit te genees nie.

3 Baie mense wat in die gebedslyn geroep word lyk sterk en gesond, en mens sou oordeel dat hulle nie 'n gebedskaart nodig het nie; terwyl andere in rolstoele sit, of op beddens is en hulle nommer word nie geroep nie. Maar ek het dit nooit sien faal nie, soos hulle daar voor die engel van die Here staan, word dit geopenbaar dat 'n donker skaduwee van dood daardie persoon volg en kanker sy lewe neem. Waarlik is die Here goed aan diegene wat spoedig sou sterf om hulle gewilliglik te lei na algehele verlossing.

4 My dierbare vriend, as jy kanker het of 'n vrees daarvoor het, onthou daar is 'n God—gegewe genesing.

5 Die vrees vir enigiets is dikwels die rede waarom ons 'n slagoffer word daarvan, hetsy siekte of iets anders. Die Woord van God sê vir ons om nie te vrees of ons gedagtes op sulke dinge te vestig nie.

6 Ek het onlangs 'n uitstekende artikel gelees oor kanker in "LIFE" tydskrif. Die mediese dokter het vertel van hoe mense kanker vrees bokant hartprobleme en artritis, wat baie meer pynlik is. Dit was sy opinie dat die vrees vir kanker die Amerikaanse mense tot so 'n mate verswelg het dat dit bygedra het tot die feit dat soveel mense dit opdoen. Hulle het hulself indirek bekommer tot die punt waar hulle hulle senuweestelsel beseer het en hulle liggame op ander maniere seergemaak het.

7 Sekerlik as 'n mediese dokter kan redeneer dat vrees 'n dryfkrag agter kanker is, dan behoort ons as Christene soveel te meer te besef dat ons NIE MOET VREES NIE, maar die Here moet prys vir Sy goedheid en genade en ons gedagtes laat rus in vertroue en liefde op die goeie dinge van God.

8 Ek deel met julle die foto's en getuienisse in die "Herald of Faith" om julle te help om die sukses van God se plan van verlossing vir julle te sien.

9 Voel vry om aan hierdie mense te skryf en te vra oor hulle genesing. Hulle sal bly wees om aan julle te skryf. 'n Kykie na hoeveel jaar hulle gegee is om te lewe, en nie te sterwe nie, sal julle harte bemoedig. Gee God lof vir die werk wat Hy doen deur Sy dienaar, Broer Branham. As julle weet van enigiemand wat ly aan hierdie siekte, getuig aan hulle en vertel hulle van die dinge wat God gedoen het, en doen, vir andere.

10 Dit was vier jaar gelede dat, Broer Branham, gelei deur die Heilige Gees, die stadshospitaal in Phoenix ingegaan het, en gebid het vir Wilma Baghy, wat sterwend was aan tuberkulose. Wilma Baghy lewe en is gesond gemaak deur die Krag van God om lewe te herstel aan sterwende weefsel. Maar dit was net die begin van die seëninge wat God sou uitstort oor Wilma Baghy.

11 Kort daarna is haar man neergevel met kanker van die maag en was in ernstige toestand. 'n Bietjie later het pyn in haar bors kanker onthul wat oor haar ribbes versprei het en regdeur haar liggaam. Daar was, sonder twyfel, baie donker ure vir Wilma Baghy. Maar steeds het die vyand nog harder getref. Haar ses—jaar—oue dogter het siek geword en moes ingeneem word vir ondersoek met die verloop van tyd. Die dokters het gesê: "Jou dogter het leukemie en kan nie baie langer lewe nie."

12 'n Moeder, 'n vader, en 'n dogter almal verstrik deur hierdie bose moordenaar van die mensdom!

13 Toe twee jaar gelede het Broer Branham na Phoenix gekom, en Wilma Baghy, baie siek, het na die diens gekom en voor hom gestaan soos haar gebedskaart geroep is. Daardie aand het Broer Branham haar vertel van haar siekte, en dié van haar dogter, en ook haar man s'n. God het Sy seëninge neergereën uit die hemel en al drie is genees.

14 Dit was my voorreg net 'n kort rukkie gelede om met Wilma Baghy en haar dogtertjie te praat. Hulle was altwee die toonbeeld van gesondheid en sy het vir my gesê haar man was ook totaal genees. Skryf aan haar, sy sal julle graag vertel hoe sy God se profeet se gebed aanvaar het en genees is. Haar adres is — Mev. Wilma Baghy, 1407 Suid 21 Pl., Phoenix, Arizona.

15 Die volgende storie is van Hatie Waldrop, 1701 Oos Glendale Laan, Phoenix, Arizona, soos sy dit aan my vertel het — het dit my hart gevul met geloof en moed en ek wil dit met julle deel. Soos julle dit lees, sal dit vrede bring en 'n teenwoordigheid van oorwinning na julle hart.

"Ek wil julle groet in die Naam van Onse Here en julle vertel van my genesing wat plaasgevind het tien jaar gelede soos ek sterwend gelê het op 'n bed in Eerw. Branham se diens. Hierdie poging is om enigiemand te help wat dalk ly aan kanker.

"Vir ses—en—twintig jaar, aan en af, het ek 'n pyn in my regtersy gehad, net bo my heup. In die jaar 1957 het ek tye begin beleef wanneer ek nie kos of water kon behou nie. Dit was later gekontrasteer met tye wanneer ek nie my aptyt kon bevredig nie en die heeltyd sou eet.

"Eendag het ek 'n advertensie in die plaaslike koerant gesien deur 'n sekere dokter in die stad wat 'n kop tot toon fluoroskoop sou neem vir 'n klein fooi van $5.00. My man het vir my gevra om na hom toe te gaan en dit sou miskien help om die aard van my siekte vas te stel. So Maandag het ek by die dokter se kantoor gearriveer vir die fluoroskoop.

"Die dokter was nie bly met wat hy gesien het nie en het my man gevra om vroeg die volgende oggend in te kom. Ons het die volgende oggend om tienuur gekom en die dokter het vir ons vertel ek het akute kolitis, en hy het gedink hy kan my help met ses behandelings. Ons het toegestem. Die behandelings het bestaan uit die spoel van warm water, net bokant liggaamstemperatuur deur my kolon vir 'n uur en partymaal langer.

"Naby die laaste deel van die tweede week het ek op die tafel flou geword en toe die dokter en verpleegster my bygekry het, het ek gevra: "Het ek kanker?" Die dokter het geantwoord: "Ja, jou arme vrou. Hoekom het jy so lank gewag om vir hulp te kom?"

"Toe die dokter dit ontdek het, het hy my nog 'n X—straal gegee, en dit het gewys dat die boonste kolon aan my regterkant gehang het net soos draadjies. Hy het versoek dat ek nog 'n dokter kry om te kyk na my, maar ek het geweier omdat ek gevrees het hulle sou my na 'n hospitaal neem, en ek wou nie gaan nie. Hy het my toe vertel daar was dokters in die stad wat kon opereer en my laer maag verwyder, maar ek sou dood wees binne twintig dae. Ek het niks gehad om te doen behalwe huis toe gaan en wag nie . . .

"Ek het erger en erger geword en moes pille neem om die pyn te verlig wat toegeneem het soos die dae verbygegaan het. Maar o, dankie aan Jesus, en aan die heiliges wat saam met my gebid het en vir my

gedurende daardie donker pynvolle dae! Hoe hulle by my gestaan het, en nagte deur by my gebly het, toe ek so laag was!

"Die dokter het die pynstillende pille vermeerder totdat my hart begin reageer het op die effekte van die sterk verdowingsmiddel. Toe moes hartmedisyne geneem word om daardie swaar las van vergiftiging vol te hou.

"Een Sondagoggend het 'n suster in die Here na ons huisie toe gekom. Sy het my 'Ma' genoem, soos hulle almal by die kerk gedoen het. Sy het die nuus gebring dat Broer Branham na die stad sou kom en my vertel van die gawe van genesing wat God hom gegee het, en hoedat hy gebid het vir die siekes. Sy het gesê: 'Hy kom na Phoenix, Ma, en ek weet jy gaan genees word. Hou asseblief nog elf dae uit totdat hy hier kom.' Dit was die pleitende woorde van my vriend. Die dokter het vir my man gesê dat die volgende slegte aanval fataal sou wees, en om voorbereid te wees daarop. Ek was bewus hiervan.

"Na elf lang dae het Broer Branham sy dienste begin in Broer Outlaw se kerk. Die eerste diens was op 2 Maart 1947, en die kerkie was gepak sodat hulle die diens moes skuif na 'n groter plek. Ek het na die diens gegaan Sondagaand maar daar was soveel voor my om voor gebid te word dat ek nie geroep is nie. Die volgende aand was dit dieselfde ding, maar Broer Branham het gesê hy sou vir die siekes bid Dinsdagoggend om 10 uur.

"Vroeg Dinsdagoggend het ek 'n paar dinge weggesit in die kombuis, en 'n stem het my gesê: 'Hardloop vir jou lewe.' Ek het 'n suster gebel wat die nag by ons spandeer het en ek het gesê: 'Ons moet opskud,' en ons het begin hardloop na die kerk. In my toestand kon ek nie ver hardloop nie en Jesus het dit geweet, want soos ons die erf verlaat het, het 'n ander broer en suster in die Here nadergery in hulle motor en ons kerk toe gejaag.

"Om omtrent 8:30 het ons die kerk binnegegaan en Broer Outlaw het my gegroet en gesê: 'Gaan reguit vorentoe, suster Waldrop, ek wil hê jy moet die eerste een wees waarvoor gebid word vanmôre.' Ek het gehaas na die voorkant sonder nog 'n woord. Terwyl ek daar gesit het, het 'n plekaanwyser na my toe gekom en gevra of ek blind was. Ek het geantwoord dat ek nie was nie. Toe het hy gesê dat hy so jammer was, maar ek sou vier rye agtertoe moet beweeg

omdat die voorste sitplekke net vir blinde mense was. Soos hy gepraat het kon ek die kanker in my maag voel rol.

"Soos die plekaanwyser weggegaan het, het ek probeer beweeg oor die paadjie, maar kon nie. Hy het teruggekom en my hygend aangetref. Ek het gesê: 'neem my na die agterste kamer.' Hy het gesê: 'Ek is jammer, Suster, maar ek kan nie.' Ek het gefluister: 'Gaan kry vir Broer Outlaw,' en ek het hom weggestoot. Broer Outlaw en party van die ander susters het opgekom en gesê: 'Jy is net senuweeagtig, Suster Waldrop. Ons sal vir jou bid.' Toe het die suster wat saam met my gekom het, gepraat en gesê: 'nee, hierdie is nie senuweeagtigheid nie, maar die dood.' Net toe het Broer Hooper en Suster McDaniel opgekom en Broer Outlaw vertel dat dit baie ernstig was, en as Broer Branham daar was hulle hom baie gou moes kry. Broer Outlaw het na iemand geroep om 'n bed te kry, en iemand anders het gehardloop na die agterste kamer om Broer Branham te kry. Ek het gehoor wat aangaan, maar kon nie praat nie, en dit het donkerder en donkerder geword. Broer Branham het gou ingekom en gegaan na die mikrofoon en almal gesê om baie eerbiedig te wees omdat 'n suster sterwend was aan kanker. Toe het Broer Branham na my gedraai en gesê: 'Kyk na my, Suster,' Sy woorde was 'n lae fluister vir my, maar hy het hulle bly sê totdat die dik duisternis gelig het. Toe het hy my gevra of ek geglo het dat die engel na hom toe gekom het. Ek kon nie praat nie, maar hy het gevoel dat ek hom geglo het. Hy het toe gesê: 'Dank die Here, Suster, jou geloof het jou gered!'

"Die eerste keer wat hy gebid het, het ek nie 'n ding gevoel nie, toe het hy weer gebid en soos hy het, het 'n warm gevoel oor my getrek, vanaf my kop en binnekant en buitekant geloop, en soos dit het, het elke pyn my liggaam verlaat. Ek het opgestaan van die bed af. Broer Branham het vir my gesê dat ek binne 72 uur baie siek sou word en baie sou ly soos die kanker my liggaam verlaat. Hy het gesê dit was dood, elke wortel! Hy het ook vir my gesê om op 'n vloeistof dieet te bly soos die dokter aanbeveel het, en Jesus sou my laat weet wanneer om vaste kos te eet. Hy het gesê 'n happie vaste kos sou my doodmaak.

"Vir 72 uur het ek gely aan pyn tot ek sou vries in trane. Ek het probeer roep na my man wat geslaap het, maar die pyn was so erg dat ek nie kon praat nie. So ek het gekruip na hom om vir my te bid vir krag

om die pyn te verduur. Dan sou die pyn ophou vir 'n paar uur en ek kon rus. Dit het aangegaan vir 'n periode van vier tot ses weke, maar die pyn het die heeltyd minder geword.

"Uiteindelik het ek die dokter gebel en gevra of hy x—straal van my maag sou neem en hy het gesê hy sou. Die x—straal het gewys my kolon en alles anders was net soos dit moes wees — in volmaakte toestand. My hart, wat vergroot was van al die gif, was normaal, en die stene wat in my lewer was en soos groot soos my duimnael, was weg.

"Daardie aand het ek pinto boontjies, uie, piekels, gebraaide beesvleis, en appel ysdrank gehad vir aandete. Dit was die volgende dag wat ek moes gaan kyk na die x—strale, maar Jesus het vir my gesê ek kon eet en ek het regtig. Dit was alles tien jaar gelede, en vandag is alles nog steeds volmaak genees.

"As julle kanker het en voor gebid is en die pyn duur steeds voort, hou net aan om die Here te prys vir julle genesing. Die duiwel sal probeer om julle genesing weg te steel, maar hou Jesus aan prys en kyk op.

"Nadat Broer Branham vir my gebid het, was ek nog nooit weer beperk tot die bed nie, en het ek nooit 'n diens gemis nie.

"Ten tye van my genesing, is daar ook vir my ses—jaar—oue kleinseun gebid en genees van 'n skildklier wat in sy keel was. Vandag is Marvin 16 jaar oud en volmaak genees.

"As julle God vertrou vir julle genesing, nooi ek julle uit om aan my te skryf en ek sal bly wees om julle aan te moedig op enige manier wat ek kan."

* * *

16 Die volgende is die getuienis van Eerw. Laura Walker, Hessel, Michigan:

"Ses jaar gelede was ek sterwend aan kanker van die ingewande. Die derms het geen gevoel gehad nie en was blykbaar leweloos. By tye het selfs die laer deel van die maag gevoel soos klip en was koud, binnekant en buitekant. Die enigste uitlating was deur enemas. Die opblaas en lyding was so erg dat party dae verskeie enemas nodig was vir verligting.

In Augustus 1951, het Broer Branham 'n diens gehou in Erie, Pennsylvania. Die Here het met my gepraat en gesê: 'Gaan na daardie diens en Ek sal jou

genees.' Ons het gewoon in Port Huron, Michigan, op daardie tyd, wat 'n paar honderd myl ver was. Dit het amper onmoontlik geblyk vir my om te gaan, maar die Here het 'n weg voorsien en die krag om te gaan.

"Op hierdie tyd het Broer Branham die teken gebruik in sy hand. Hy het vir my gesê ek het kanker, toe vir my gebid. Hy het na my gedraai en gesê: 'Dogter, jou geloof het jou gesond gemaak.' Op daardie tyd het ek geen spesiale verandering gevoel nie, maar omtrent 'n uur later het ek iets in my voel los en val. Van daardie dag na hierdie was ek volmaak normaal. Prys my wonderlike Here en Verlosser, Jesus Christus.

"Baie verwysings kan verskaf word aangaande my genesing."

DIT KAN JY WEES

17 Het jy ooit aan jouself gedink as ’n dienaar van God — of begeer om ’n ouderling te wees en hande te lê op die siekes — of ’n brandende begeerte in jou hart gehad om die Woord van die Here te preek? Miskien verlang jy vandag om iets te doen vir jou Here wie jy dien. Jy dra dalk nie die evangelie oor die volke of besit die gebed van geloof om mense in gevangenskap te verlos nie. Jy is dalk nie ’n begaafde persoon nie, of manifesteer nooit ’n geestelike gawe soos genesing, of wonderwerke, of profesie nie. Maar daar is iets wat jy KAN doen, en God het vir jou gevra om dit te doen. Miskien het jy dit oorgesien, maar hier is ’n opdrag vir elkeen van julle in die Woord van God.

18 Dit kan jy wees wat ’n engel van genade aan ’n verlore siel is — dit kan jy wees wat nuus bring van goeie tydings. Jy kan ’n sleutelfiguur in ’n ander persoon se lewe wees wat die grootste seëning sal wees wat enige boek kan opteken.

19 Laat my in die volgende paar oomblikke vir julle ’n ware verhaal vertel van so ’n persoon — ’n engel van genade. Dit kan jy wees. . . in die belangrikste rol in jou lewe. . . as ’n getuie vir Hom en die goeie tydings te vertel.

20 Ons storie begin met Mev. Eckenburg: sy het totsiens gesê aan haar man en het op ’n bus geklim. Haar man kan nie saam met haar gaan op hierdie reis nie omdat dit te lank vir hom sal wees om tyd af te neem van sy werk, en dit sou ’n ekstra uitgawe wees wat hulle nie kan bekostig nie. Mnr. en Mev. Eckenburg is ’n paartjie 50 jaar oud — hulle het ’n beskeie woning, en ’n eenvoudige lewenswyse omdat dit is wat hulle inkomste kan toelaat — maar hulle het ’n pragtige leeftyd saam gehad en baie dinge saam geniet deur die jare. Hulle is gewone mense wat moes werk om dit te maak; partymaal was dit hard, partymaal ’n bietjie makliker.

21 Nou het die bus haar gedra na ’n bestemming waarvan sy nie geweet het, of verwag het nie. Dit was ’n rukkie na haar eerste siekte wat sy behandel is by die San Francisco Stanford Universiteit. Dit was hier in Junie 1955 wat sy ’n eksperimentele pasiënt geword het. Mnr. en Mev. Eckenburg het hierdie universiteit gekies omdat hulle nie die onkoste van ander behandelings of dokters kon bekostig nie. Hier was alle behandelings gratis aan die behoeftige, en die beste dokters sou haar behandel. Sy was ingeregistreer as ’n eksperimentele pasiënt. Dit beteken jy het gesond geword soos hulle geleer het, en indien nie. . . wel. . . Met min finansies was dit die beste keuse — en hulle enigste hoop.

22 Hierdie was haar derde poging om te gaan vir behandeling. Daar sou geen snywerk wees in hierdie geval nie, omdat die

dokters haar alreeds vertel het die kanker was te diep gewortel, en het die lewer en die ander organe van haar liggaam omvat. Toe hulle in haar wou insny vroeër het sy op een of ander manier dit reggekry om "Nee" te sê. Sy wou dit nie hê nie. En so was haar volgende afspraak vir Januarie, kort na die eerste paar dae van die nuwe jaar verby is. Mev. Eckenburg het hierdie afspraak vir geen duidelike rede nie, gekanselleer, en toe haar derde afspraak gemaak is, het sy gegaan om dit na te kom, want sy het besef die pyn in haar liggaam en die vinnige groei van die kanker in haar liggaam, het vir haar geen alternatief gelaat nie.

23 Sy het saam met haar geneem vir daardie afspraak, 'n klein oornagtassie wat sy deur bespreek het na San Francisco bushalte. Sy het haar kaartjie en 'n bietjie kleingeld in haar beursie gehad. Sy het vir haar man gesê sy sou maar min geld nodig hê omdat dit 'n reis reguit na die bushalte was, en van daar na die universiteit. Haar man moes haar oplaai met die familiemotor by die hospitaal wanneer sy ook al ontslaan sou word. Dit was 18 Oktober en môre was die dag wat die dokters die eksperiment sou begin. Wat hulle sou doen, en wat die familie sou doen as sy sou sterf, het deur haar gedagtes gegaan — aan en aan het haar gedagtes gegaan. Sy het ook gedink aan God, maar omdat sy nie 'n geestelike vrou was, of selfs wedergebore nie, het hierdie gedagtes nie te diep binnegedring nie. Maar vir Christenlyding het sy wel besluit om haar klein Eenheidsboekie saam te neem. Dit sou sy lukraak lees wanneer gedagtes van haar toekoms te naby gekom het.

24 Dit was vroegoggend op 19 Oktober dat die bus ingetrek het in Oakland, Kalifornië, vir 'n 10—minuut stop voordat dit aangaan na San Fancisco net oorkant die baai. Soos die bus gestop het het al die passasiers afgeklim, behalwe Mev. Eckenburg, moeg van haar reis, het in haar sitplek bly sit. Sy sou spoedig in San Francisco wees, sy sou daar afklim het sy geweet. Terwyl sy daar gesit het, het Mev. Eckenburg 'n stem met haar hoor praat en sê: "Gaan na die straat en loop," met so 'n sterk klem dat sy dadelik gehoorsaam het. Terwyl sy doelloos geloop het, het sy die stem hoor voortgaan, en sê: "Stop by 14de straat." By 14de straat het haar krag min geword en sy het lank genoeg getalm om 'n koffiewinkel op te let oorkant die straat. Sy het Foster se Kafee binnegegaan en 'n koppie koffie gehad, en na 'n paar minute weer uitgegaan op die straat. Na 'n kort afstand se loop het sy gou weer moeg geword en teen die kant van 'n gebou gerus. Dit was toe dat haar oë gerus het op 'n dame wat gesit het op 'n busbank aan die wag vir die plaaslike bus om te kom. Sy het 'n klein oomblikkie getalm, toe besluit om na die bank te gaan en te gaan sit. Toe sy gaan sit het, het sy opgelet die dame langs haar het 'n boek gelees. Die gedagte het na haar toe gekom dat sy

ook haar Eenheidsboekie kon lees vir troos. Ons toneel is bedrieglik eenvoudig — net twee dames wat op 'n busbank sit en boeke lees. Hulle was totale vreemdelinge — maar nie vir lank nie.

25 God het Mev. Eckenburg gelei na 'n Engel van Genade wat nuus gehad het van blye tydings. Hy het haar gelei van die bushalte, en haar nou laat sit langs 'n ander vrou wat Hy gekies het om vir haar die "goeie nuus" te bring, die tydings van die evangelie, en vir haar te sorg. Binne 'n kort tydjie het hulle 'n gesprek begin voer. Hulle het 'n paar opmerkings uitgeruil, en gou het Mev. Eckenburg gevind dat sy self die totale vreemdeling van haar siekte en haar bestemming vertel. Die vrou het gesê: "Kyk na hierdie boek wat ek lees: ''n Man Van God Gestuur' — hierdie man is hier in Oakland en begin sy dienste vanaand. Hy sal vir jou bid. Baie is genees van kanker."

26 Mev. Eckenburg het vreemd na die vrou gekyk vir 'n oomblik sonder om te weet wat om te dink. Sy het nie gedink aan God wat vandag genees, of aan sulke dinge wat plaasvind nie. Haar nuwe vriend het haar gedagtes onderbreek met baie aangrypende verhale van God se genade en genesing vandag aan die lydende mensdom. Mev. Eckenburg het nooit sulke inspirerende woorde gehoor nie, en hulle het 'n vrede na haar hart gebring, en sy was vertroos sowel as bemoedig. Nooit tevore het sy iemand hoor praat soos hierdie nie, en van sulke groot en wonderlike dinge!

27 Weer is haar gedagtes gebreek deur 'n direkte uitnodiging van die vrou wat sê: "Kom na my kamer en rus, vanaand sal ek jou neem na die diens. Ek het 'n kamer net oorkant die straat." Mev. Eckenburg en die dame het die straat oorgesteek en die hotel binnegegaan, en die dame het vir Mev. Eckenburg 'n kamer oorkant die gang van hare gekry. Toe die kamer geneem was en hulle gevestig was, het Mev. Eckenburg besluit sy gaan 'n tydjie rus en na haar kamer gegaan om te gaan lê. Sy het begin dink wat die vrou vir haar vertel het, en vir die eerste keer in haar lewe het Mev. Eckenburg in die gees van gebed ingebreek, en sy het aan, en aan gebid, totdat 'n vrede wat sy nooit geken het nie, haar hart gevul het. In gebed en trane het sy die middag spandeer, en in gemeenskap met haar nuutgevonde vriend.

28 Toe die tyd aangebreek het vir die diens om te begin het haar vriend haar geneem na die byeenkomsplek by Civic Ouditorium in middestad Oakland. Met die aankoms, het haar vriend vir haar 'n sitplek help kry en na haar gekyk met tere besorgdheid. Binne 'n kort rukkie het Billy Paul Branham vir haar gevra of sy 'n gebedskaart wil hê. Sy het gesê: "Ja," en hom bedank. Spoedig het die diens begin en dit was 'n preek soos Mev. Eckenburg nooit in haar lewe gehoor het nie; dit het

haar laat huil en vervul met ontsag. Sy is nooit so mooi behandel as wat sy vandag was nie, nóg het sy ooit van sulke wonderlike dinge gehoor nie. En nou is haar gebedskaart geroep, en sy moes staan voor hierdie man van God. Soos die ander 14 voor gebid was voor haar, en andere uitgeroep uit die gehoor, het sy geweet hierdie man sou haar antwoorde gee wat sy en die dokters nie gehad het nie.

29 Binne ’n paar oomblikke het Rose Eckenburg voor Eerw. Branham gestaan. Hy het vir haar gesê sy was geskadu met die dood, en kanker van die lewer gehad, en haar gevra of sy sal glo dat God haar sou genees as hy vir haar gebid het. Haar antwoord was “Ja” en sy het in trane uitgebars.

30 Die volgende dag, 20 Oktober 1956, om 7 N.M., het Rose Eckenburg groot stukke verrotte vlees en erg besmette bloed uit haar liggaam uitgewerp. Die volgende week, op 24 Oktober 1956 om 11 N.M., het sy ’n groot verharde gewas en nog verdorwenheid uitgewerp, gevolg deur ’n normale bloeding wat haar bloed skoon gemaak het van verdorwenheid en reuk.

31 Vriende, Rose Eckenburg lewe vandag en is ’n ware bekeerling vir die Here. Dit is waarlik ’n seëning van God, maar onthou waar dit begin het vir Rose Eckenburg — op ’n busbank waar sy ’n boodskapper en getuie van die blye tydings van die evangelie ontmoet het.

32 In ’n stad van vyfmiljoen mense, het God haar gelei na ’n volmaakte vreemdeling. Dit kan jy wees, dierbare vriend, die volgende keer wat jy alleen is op ’n busbank, of in jou motor, of op die straat, of in ’n kafee. Waar dit ook al mag wees, jy kan in jou hart en op jou lippe woorde hê wat lewe kan bring aan ’n sterwende, hopelose, steierende mensdom. Voortaan onthou om te getuig, en die Engel van Genade . . . kan jy wees.

DIE MAGTIGE OORWINNAAR

33 Vanaand wil ek graag lees uit die boek van die Openbaring van die Here Jesus, in die 6de hoofstuk, die eerste twee verse: "En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak, en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk. En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd; en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar, en om te oorwin." My onderwerp vir 'n paar oomblikke vanaand sal wees Die Magtige Oorwinnaar.

34 Ek glo met my hele hart dat die wegraping sal plaasvind voor die verdrukking. Nou daar is baie leraars wat daarvan sal verskil, maar ek het geen geleerdheid nie, en ek bestudeer net dikwels die Bybel in tipes, en hoe die tipes skaduwees is. En as ons die skaduwee van iets verstaan, dan het ons 'n algemene begrip van hoe die positiewe lyk. Soos die vloed in Noag se tyd: nie 'n druppel water het ooit geval voor Noag nie, en almal wat gered sou word uit die vloed, was binne—in die ark en die deur gesluit. En ons sien dat voor een stuk vuur kon val op Sodom en Gommora uit die hemel, moes Lot die stad verlaat, en vry wees van die oordeel wat op hierdie stede sou kom — want die regverdige regter wou nie die regverdige saam met die onregverdige veroordeel nie, omdat die gelowige alreeds geoordeel is toe Christus geoordeel is in sy plek. Daarom sou dit onregverdig wees as 'n Heilige God een van ons weer sou oordeel nadat Hy ons oordeel alreeds aanvaar het in Christus.

35 Nou na ons onderwerp Die Magtige Oorwinnaar. Die mens hou van oorwin, en dit is 'n groot ding om te oorwin. 'n Oorwinnaar is een wat sy vyand oorwin het — dit is waarom, glo ek, die skrif sê "Ons is meer as oorwinnaars," want Hy het oorwin namens ons. En mense in hierdie groot tye, wanneer hulle voortbeweeg en oorwin, het dikwels 'n groot feesviering daarna.

36 Ons word vertel dat toe die wyle Duitse leier, Adolf Hitler Frankryk oorwin het, hy sy sitplek ingeneem het by die Boog van Triomf en sy groot leër sien verbygaan het, sy tenks sien verbyrol het, en sy vliegtuie oorhoofs gedreun het, totdat hulle die lug verdonker het. Maar. . .dit het nie voortgeduur nie, want as 'n man 'n oorwinnaar sal wees, moet sy doel reg wees, en sy motiewe moet reg wees — en as jy nie die spel regverdig speel nie, sal jy verloor, maak nie saak hoeveel van 'n oorwinnaar jy is nie. Jy moet opreg wees om 'n wenner te wees, geen bedrieër wen 'n spel nie. Maar Hitler het nooit die reëls gevolg nie, hy wou al die mag vir homself hê, al die glorie vir homself. Daarom was hy verkeerd in sy doel — en enige mens met dieselfde motiewe en maniere as Hitler sal eindig net soos hy het.

37 Ons word vertel dat die groot Konstantyn toe hy op pad was na Rome, 'n droom gehad het net voor die stryd sou

plaasvind. Hy was bekommerd daardie aand voordat hy gaan slaap het, oor die beslissing van die stryd wat hy van voorneme was om in die oggend te stry. Daardie nag het hy 'n droom gedroom van 'n wit kruis, en 'n stem het gesê: "Hierdeur sal jy oorwin." So hy het sy medesoldate laat opstaan in die nag en hulle het op 'n skulde 'n wit kruis geverf, en hulle het oorwin.

38 En nou dink ek aan nog 'n man: 'n paar jaar gelede het ek gestaan in Waterloo, België waar 'n man genaamd Napoleon sy neerlaag gely het in bloed en skande. En soos ek daar gestaan het, het iemand vir my 'n boekie gegee, en ek het die geskiedenis van hierdie groot man begin lees. Hy het 'n groot soldaat begin, en hy het die hele wêreld oorwin op die ouderdom van 33, maar ook hy het die verkeerde doel gehad . . . hy wou mag vir homself hê, en hy wou hê almal moes hom vrees. Op die ouderdom van 33 het die hele wêreld gebewe by die gedagte aan Napoleon — hy was 'n slegte man, 'n moordenaar. Hy het 'n afskaffer begin en 'n alkoholis gesterf. Jy kan nie oorwin deur verkeerde nie. Slegs die regte sal oorwin.

39 Jy sal nooit oorwin deur een denominasie bo 'n ander op te bou nie — jy sal slegs oorwin as jy die versperring laat sak, en die Heilige Gees laat inkom in die hele liggaam van Christus. Ons sal nooit oorwin met selfsugtige motiewe nie. God haat sonde, en Hy sal dit nie laat triomfeer oor die verkeerde nie. Napoleon het gesterf op 33 as die oorwinnaar van die wêreld, en sonde het hom oorwin — maar o daar was nog 'n man wat gesterf het op die ouderdom van 33 wie die wêreld oorwin het, en Hel oorwin het, en dood oorwin het, en elke vyand van die menslike ras oorwin het. Dit was ons geseënde Here Jesus, die Magtige Oorwinnaar. Hy het nie gekom om vir Homself te oorwin nie — Sy doel was om die wil van God te doen wat Hom gestuur het. Hy het nie vir Homself geveg nie, Hy het Homself gegee. By die kruis het Hy gesê: "Ek kon met My Vader praat en dadelik sou Hy vir My legioene engele stuur." Maar Hy het gekom om te oorwin vir Adam se gevalle ras, en Hy het elke vyand van Adam se gevalle ras oorwin, en hulle is onder Sy voete geplaas.

40 En ek kan die Magtige Oorwinnaar sien, ons Here, toe Hy hier gestaan het by 'n man wat geketting en gebind was deur demoniese mag. Geen weermag kon hom vashou vir sy krag nie, en dikwels het hy die kettings uitmekaar gebreek. Niemand kon hom oorwin nie, en die bose geeste het hom uitgedryf onder die mensdom, en hy het sy tuiste buite in die grafte gemaak, en wie ook al by hom verbygegaan het, hy sou hulle oorwin. Maar eendag het daar 'n mannetjie in die pad afgekom — die Bybel het gesê "Daar was geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie" — en hierdie demoon het gedink "Hier is die tyd wat ek daardie kêreltjie sal oorwin" — en

hulle het die man beset, en uit in die pad het hulle gegaan om Hom te ontmoet. En toe hulle na Hom gehardloop het om Hom te oorwin, het Hy Sy oë opgelig en hulle het hulle deuntjie verander. In plaas van om te probeer om Hom te oorwin, het hulle gesê: "U heilige van God, waarom kom U om ons te pynig voor ons tyd aanbreek?" Hulle het geweet hulle het hulle rieme styfgeloop — die groot Magtige Oorwinnaar van die hemel het daar gestaan. Hy was nie fisies groot genoeg om kettings te breek nie, Hy was nie fisies in staat om 'n man vas te hou wat duiwel—besete was nie, maar in Hom was die krag van die Almagtige God voor wie demone moes buig. En Hy het hierdie vyand oorwin wat Adam se ras hierna, wat gebind is met so 'n gees, die voorreg het om die naam van hierdie groot Magtige Oorwinnaar te neem en hom uit te dryf.

41 En kan Hom sien, ons Magtige Oorwinnaar, soos Hy in die kamer inkom van Petrus se skoonma, wat siek lê aan 'n koors — Hy sê nie 'n woord nie, Hy stap net oor en raak haar hand aan en die siekte is oorwin. Hy het siekte oorwin vir Adam se ras. Eendag toe Sy goeie boesemvriend gesterf het en Hy vier dae se reis ver was, by die tyd wat Hy daar gekom het, het die velwurms deur sy liggaam gekrioel, en die hand wat Hy geskud het, en die skouers wat Hy omhels het nou oorwin was deur verderwing en dood. Ek kan Hom sien staan langs Lasarus se sy, Sy oë vol trane, soos Hy gespreek het: "Lasarus, staan op," en verderwing het sy slagoffer teruggegee, en die dood het die siel van die man oorgelewer, want die Magtige Oorwinnaar het gepraat. Dit kon Hy doen vir al Adam se kinders. Ek is so bly Hy is ook my vriend, want een of ander tyd, as Jesus vertoef, is dit hoe ons almal sal lê.

42 Een aand toe Hy die see oorgesteek het, het die magtige elemente van die aarde ongehoorsaam geword. Hy het gerus in die agterkant van 'n bootjie soos die winde hewig geword het en die see grootliks opgejaag het. Gou het die bootjie baie water opgeneem en die dissipels het grootliks gevrees en hulle het gehaas om Hom wakker te maak. Toe Hy wakker geword het, het Hy hulle bestraf en gesê: "O, julle kleingelowiges — waar is julle geloof?" Met ander woorde: "Julle het My al hierdie dinge dag na dag sien doen: julle het die maniak sien verlos word en vrygestel word, en jy het die koors jou skoonma sien verlaat, jy het dood opgerig gesien! Waar is julle geloof?" Toe het Hy Sy voet op die rant van die boot gesit en opgekyk en gesê: "Storm, word stil." En al die golwe het stil geword soos 'n babatjie in die arms van sy moeder. Die winde en die golwe het Hom gehoorsaam.

43 Aan die anderkant van die meer waarnatoe hulle gegaan het, het daar 'n vroutjie gewoon wat al haar geld spandeer het om gesond gemaak te word, en steeds was sy siek aan 'n

bloedvloeïng. Die dokters wat haar geld geneem het, het hard en getrou probeer om haar te help, maar hulle het alles gedoen wat hulle kon en steeds het die bloed uitgevloei. Sy het gehoor Jesus was op pad in haar rigting, so sy het vertrek na die seekus — aan het sy gesukkel deur die skare totdat haar krag gedaan was. Maar haar geloof was gevestig om maar net die soom van Sy kleed aan te raak, en dit het sy gedoen. Met die aanraking van die Magtige Oorwinnaar het die siekte wat die dokters se medisyne uitgedaag het, die wil van die Magtige Oorwinnaar gehoorsaam, en die bloedvloeïng het opgehou.

44 Onthou toe die dood die huis van Jaïrus getref het? Sy twaalf—jaar—oue dogtertjie het baie siek geword, en hulle het gekom om vir Jesus te vra om te kom; maar soos Hy Jaïrus se huis genader het, het die boodskappers hom weer ontmoet en gesê: "Moenie die Meester pla nie, want die dogter is alreeds dood." Dis nou alles verby — dis hoe ons partymaal raak — ons dink daar is geen hoop nie. Maar Hy is steeds die Magtige Oorwinnaar — wanneer daar geen hoop meer is nie, is Hy steeds dieselfde. Sekerlik, hulle het gedink dit was alles verby, maar die kosbare oë van ons Here het gedraai na Jaïrus en gesê: "Moenie vrees nie, glo net, en jy sal die glorie van die Here aanskou."

45 En Jesus het in die dodekamer ingegaan waar net die einde van die tyd die uitslag van Jaïrus se dogtertjie kon openbaar. Maar besef julle die Begin en die Einde het langs haar gestaan? En Hy het haar aan die hand geneem en gesê: "Dogtertjie, staan op," en dood was oorwin, en sy het op haar voete gestaan en gelewe. Die grootste vyand wat die mens ooit gehad het, was die dood — aan alle mense — en Hy het na Gólgota gegaan eendag en daar op die kruis het Hy gedra — eenkeer vir almal — die oorwinning vir die hele mensdom; Hy het die grootste vyand wat die mens ooit gehad het, oorwin — Hy het die dood oorwin — vir ons almal. Toe, toe Hy gesterf het, het dit dit nie beëindig nie, Hy moes steeds die Magtige Oorwinnaar wees, so die Bybel het gesê Hy het gegaan en gepreek aan die siele wat in die gevangenis was, diegene wat die boodskap van Henog, en van Noag verwerp het, en diegene in Sodom, en hulle wat die profete verwerp het. Hy het aan hulle getuig dat Hy die antwoord was van elke profeet se boodskap, die Magtige Oorwinnaar, maar hulle het oorgegaan tussen dood en lewe, oor die skeidslyn gegaan, en daar was geen hoop vir hulle nie. Hy het in die ryke van die duiwel ingegaan — demone — en Hy het hulle verstrooi, en reg tot by die voet van die donkerste hel het Hy gegaan, steeds bestaan hoewel Sy liggaam stil was op die kruis. Hy was steeds die groot en Magtige Oorwinnaar, en na 1900 jaar verby is is Hy steeds die Magtige Oorwinnaar, en Hy sal vir

altyd die Magtige Oorwinnaar wees. Toe Hy die einste deure van die hel bereik het (ons sal 'n klein drama hier gebruik) kan ek die duiwel sien uitstap en sê: "So, ek het jou uiteindelik — so jy het uiteindelik gearriveer! Ek het daardie saad die heeltyd probeer vernietig. Ek het gedink ek het jou gehad toe ek Abel vernietig het; en ek was seker ek het jou gehad toe ek die profete vernietig het; en toe ek Johannes laat onthoof het, was ek seker ek het jou gehad. Maar NOU is jy hier, jy is in my koninkryk, en jy's onder my heerskappy, en jy's in my mag, want jy het gesterf as 'n sondaar." O ek kan Jesus hoor sê: "Satan, Ek is die maagdelik—gebore seun van God, my bloed is steeds nat op die kruis, Ek het elke regverdige vereiste gaan nakom vir Adam se gevalle ras, en Ek het hier afgekom om te oorwin, en om oor te neem!" Hy het oorgereik na die duiwel, die sleutels van die dood en die hel gegryp, hulle aan Sy sy gehang, en die duiwel in die putte ingeskop waar hy behoort het! Steeds die Magtige Oorwinnaar!

46 Hy het begin teruggaan na die aarde, triomfantlik oor die dood en die hel, om die oorwinning te behaal oor die graf. Soos Hy met die groot paaie langs gegaan het, het Hy 'n paar gesange gehoor wat gesing word, en Hy het geweet Hy kom naby aan die hekke van die Paradys waar diegene wat die boodskap van Noag gehoor het, en diegene wat die boodskap van die profete gehoor het, gewag het, omdat hulle nie kon opgaan nie, daar was 'n mis van sonde wat oor die aarde gehang het, en die bloed van bulle en bokke en skape kon nie vir die mens versoen nie. Daarom is hulle in 'n plek gehou naamlik die Paradys. Daar was 'n mis van sonde oor die aarde en hulle kon nie opvaar nie — slegs Hy wat afgekom het.

47 Hy stap op na die deur van die Paradys en klop liggies daaraan. Vader Abraham maak die deur oop en hy staan verwonderd vir 'n paar sekondes, dan roep hy: "Sara, kom hiernatoe net 'n oomblik. Is hierdie nie dieselfde een vir wie jy die koeke gebak het nie? Is dit nie die een wat onder die akkerboom gesit het daardie dag nie?" Sara sê: "Dit is die een wat met Sy rug na die tent gedraai was en Hy het my gedagtes onderskei het toe ek gelag het in my hart nadat Hy gesê het ek sou 'n kind hê in my ouderdom." Jesus het gepreek en gesê: "Kinders, Ek het nou gekom om julle te neem — Ek het daardie verskriklike ding genaamd sonde oorwin." En net toe het daar 'n man opgekom agter Abraham, en soos daardie man nader gekyk het oor Abraham se skouer het hy ook verwonderd gestaan — dit was die profeet Daniël, en hy het uitgeroep: "Dit is die rots wat ek gesien het wat uitgekap is uit die berg sonder hande wat die koninkryke van die wêreld sou vernietig." Net toe het nog 'n man vorentoe gekom — dit was die profeet Eségiël, en soos hy Jesus

aanskou het, het hy gesê: "Daar is die wiel in die middel van die wiel wat ek sien draai het hoog bo in die lug." Elkeen het Hom gesien in die vorm waarin hulle Hom gepreek het. Toe het drie manne aangehardloop gekom en hulle verby Abraham gespoed om ver op te kyk na die Here — hulle was Sadrag, Mésag, en Abednégo, en hulle het hard gehuil en geween: "Hierdie is die man wat gestaan het saam met ons in die vuuroond toe Nebukadnésar ons ingegooi het."

48 O my vriende, vanaand het ons van Hom gesing, ons het Hom geprys, en ons het Sy storie vertel aan amper die hele wêreld, maar wat sal dit wees wanneer ons Hom sien as die roos van Saron, die lelie van die dale, as die skoonste van tienduisend aan ons siele, die Alfa en Oméga, die begin en die einde, die Koning van Heerlikheid!

49 En die Here het vir hulle gesê: "Volg my," en Hy het begin gaan saam met al die Ou Testamentiese heiliges na die aarde bo, Hy wat hulle lei, en met Sy kleed gedoop in Sy eie bloed het Hy die boonste atmosfeer oorwin. Geseënd sy Sy naam! Hy het deur die mis van hel gesny wat die aarde omring totdat Hy 'n ruimte in die hemele gesny het sodat al Adam se verlore kinders kan deurbid na die oorwinning. Hy het die atmosfere oorwin, Hy het sonde oorwin, Hy het die dood oorwin, Hy het die hel en die graf oorwin, en Hy het triomfantlik opgevaar — aan bokant die hoogste sterre, bokant die maan en die son, het Hy opgevaar met die Ou Testamentiese heiliges. O wat 'n mars moes dit gewees het met 'n WARE Oorwinnaar! Later het hulle in sig van daardie glorieryke stad gekom, en Abraham het vir Sara gesê: "Kom hier, skat," en sy het vir Isak geroep, Isak het vir Jakob geroep, Jakob het vir Josef geroep, en soos hulle opgekom het na Abraham se sy, het hy gesê: "Hierdie is die stad wat ek gesien het wie se boumeester en oprigter God is. Ek het op die aarde rondgestap en gesoek na hierdie stad, dit nooit gevind nie, nou kom ons naby die groot poorte." Hoewel groot manne wat hulle was, tog het dit die Magtige Oorwinnaar gekos om sonde te oorwin, en hulle na hierdie pragtige stad te lei.

50 Die lig van binne die stad was groot en helder, die pêrelpoorte wat almal gloei, en daar was Jesus in die voorgrond wat aanmarsjeer. Spoedig het al die engele opgestyg na die bopunte van die geboue en afgekyk op die groot marsjerende skare. En soos hulle naby gekom het, het die Ou Testamentiese heiliges 'n magtige kreet gegee: "Maak oop julle ewige poorte, en word julle geopen, en laat die Koning van Heerlikheid inkom — die Magtige Oorwinnaar." Die engele het teruggeskree en gesê: "Wie is hierdie Koning van die Heerlikheid?" En die Ou Testamentiese heiliges het uitgeroep: "Die Here van die leërskare, magtig in die stryd" . . . en die

poorte het oopgegaan. . . en Hy het by die poorte die ou ruwe kruis geplaas sodat elke man of vrou wat ooit deur daardie poort gaan sal moet buig voor daardie kruis en Hom herken as die Magtige Oorwinnaar.

51 En die engele, duisende, en baie maal tienduisende van duisende, het geskree en uitgeroep en die Here geprys soos hierdie groot magtige kryger die gevangenes gevange geneem het, en gawes aan die mense gegee het, onderdeur die strate van hierdie groot stad marsjeer het. Nie soos die Boog van Triomf soos Adolf Hitler nie, maar in die ryke van die heerlikheid het die engele gestaan en die Môrester geprys soos Hy deur die strate beweeg het as die Magtige Oorwinnaar wat die sondes van die wêreld oorwin het, en die regverdiges triomfantlik uitgebring het. Aan deur die stad het hulle gegaan totdat hulle gekom het by die troon — daar op die troon het die magtige Jehova gesit — en soos Jesus by die troon gekom het, het Hy op Sy knieë geval en gesê: "Vader, Ek het die werk voltooi wat U My gegee het om te doen: Ek het die skuld betaal vir sonde, Ek het sleutels vir beide die dood en die hel, en U vyand is verslaan, en hierdie is U kinders wat geduldig gewag het vir hierdie uur." En ek sien die Vader soos Hy sê: "Klim hier bo—op My troon, My Seun, en sit hier totdat Ek elke vyand jou voetbank maak — en daar sit Hy, die Magtige Oorwinnaar!"

52 Deur in Sy Woord te vertrou, alles te glo wat Hy sê, Hom te vertrou as my alles, as my asem, as my lewe, as alles wat ek het, gee ek myself vanaand ten volle oor aan Hom — liggaam, siel, en gees — Sy tweede koms in heerlikheid te wagte. Wanneer ek treurig is vertrou ek Hom, wanneer ek bly is vertrou ek Hom, wanneer ek siek is vertrou ek Hom, en wanneer ek verdwaal is vertrou ek Hom — wat ook al my te beurt val vertrou ek hom!

53 'n Insidentjie wat 'n tyd gelede gebeur het kom na my herinnering. Ek het dit nooit tevore in die openbaar vertel nie. Ek het gejag bo in die Adirondack Berge. My ma is deels Indiaan en ek is lief vir die woude, julle weet dat selfs my bekering het dit nie uit my uitgeneem nie — ek is lief vir die woude en die berge, hulle is my ontspanning. En ek het my vrou vertel nou die dag, ek het gesê: "Skat, God het my gehelp in alles wat ek ooit gedoen het. Ek is 'n swak visserman, tog het ek 'n paar nasionale rekords gevang in die mees geheimsinnige plekke waar 'n visserman nooit sou gaan nie. Dis die Here! Ek het skote geskiet van 600 en 700 jaarts — heeltemal buitensporig met 'n geweer, en het die voorwerp 33 keer in 'n ry getref wanneer ek 'n swak skut is. Dis die Here!" Ek het gedink ek was net 'n te goeie woudsman, ek kon nooit verdwaal nie. Ek is pas getroud, en Billy was 'n

seuntjie toe — sy moeder was dood omtrent vyf jaar — en ek het vir Meda my vrou geneem en Billy my seun, ver terug in die Adirondacks, en ons was in 'n klein afdak, ek het gewag vir die veldwagter om te kom, en ek het gesê: "Ek reken ek sal net uitgaan en 'n bietjie wild kry. Wag julle hier en wanneer die veldwagter kom Meda sal hy die hut vir julle oopmaak." So ek het hulle gelaat in die afdakkie, en vertrek na die woude.

54 Onderdeur die woude het ek gegaan — ek het gedink ek het die Adirondacks geken so goed as wat ek elke boom geken het — maar wanneer jy 'n punt bereik waar jy dink jy weet iets, dan weet jy nie enigiets wat jy behoort te weet nie. Aan het ek gejag dieper in die bos, hierdie spoor gevolg, en dan dit. Uiteindelik het ek die groot ram takbok gekry wat ek gevolg het, en ek het hom geskiet. Dit was vroeg, naby my tyd om terug te gaan, soos ek Meda belowe het ek sou terugkeer omtrent twee uur — so ek het my bok afgeslag en koers gekies na die hut. Soos ek begin gaan het, het ek 'n mis opgelet wat afgesak het in die valleie, en sneeu, maar ek het aanhou stap. Uiteindelik, na 'n lang tyd, het ek weer teruggekom by my bok. Dit het my bekommer maar ek het weer begin, en weer het ek teruggekeer na my takbok. Die Indiana noem dit die doodswandel, jy stap in sirkels.

55 Teen hierdie tyd was die winde sterk, en enigiemand weet dat in die berge wanneer die mis afkom, jy kwalik jou hand voor jou kan sien, en die enigste ding om te doen is om iewers te gaan, in 'n gat te kruip, iets te kry om te eet, as jy dit kan kry, en daar te bly totdat dit verby is. Maar ek kon dit nie doen nie, ek het 'n vrou en baba in daardie woude gehad en hulle sal sterf in daardie storm, so ek kon dit nie doen nie. Ek moes harder probeer en nadat ek gegaan het so ver as ek gedink het ek kon gaan, het ek gedink: "Wel, ek is verdwaal!" Toe het ek gedink: "Wag 'n oomblik, Bill Branham, jy's nie verdwaal nie, jy dink net jy is. Sit net 'n oomblik en kry jou koers." En soos ek begin het om te gaan sit, die sneeu wat gewaai het en die winde wat die bome gebuig het en hulle oorgelê het, het ek weer gedink aan my vrou en baba. Meda was nooit buite die stad in haar lewe behalwe as dit was om uit in die platteland te ry en terug nie. Wat sou sy doen met my verdwaal in die berge? Sy sou wild word, sy sou sterf voor die oggend, sy en my baba. Maar ek het gesê: "O, jy's 'n te goeie woudsman om verdwaal te wees. Nou jy weet instink sê vir jou om reguit in hierdie rigting te gaan, want die wind was in jou gesig toe jy met die heuwel opgekom het en dit moet nou teen jou rug wees om teen die heuwel af te gaan." So ek het weer begin en soos ek het, het iets begin praat — "Ek is 'n baie teenswoordige hulp in die tyd van probleme." Ek het gesê: "Nou raak ek verward, ek dink ek kan 'n stem hoor wat met my praat." Ek het my kop geskud en

vir myself gesê: "Komaan, kêrel, ruk jouself reg, bly voortgaan — jy is reguit op pad na jou kamp." Maar ek was verkeerd, ek was reguit op pad na Kanada, sonder om dit te weet — en daardie stem het aanhou praat: "Ek is die Here, Ek is 'n baie teenswoordige hulp in die tyd van probleme." En dit het dieper en dieper binne—in my gepraat totdat ek uiteindelik gestop het en my geweer teen 'n boom gerus het, ek het my ou jagpet op die grond neergelê, en neergekniel en gesê: "Here, ek is nie 'n woudsman nie — ek is 'n verdwaalde, miserabele, ellendige seun. Ek is nie werd om te lewe nie, maar wees my vrou en baba asseblief genadig." Ek het gedink ek kan enige storm oorwin, ek kan enige woude oorwin, maar ek het uitgevind ek was NIE 'n oorwinnaar nie, en soos ek gebid het, het ek baie goed daaroor gevoel. Ek het op my voete gestaan en weer begin, en soos ek het, het ek die Magtige Oorwinnaar Sy hand op my skouer voel sit en ek het gestop, geskrik, en ek het gedink ek was alleen in die woude. Ek het omgedraai om te kyk wie hulle hande op my skouer gesit het, maar daar was niemand daar nie — maar soos ek teruggekyk het, het ek die toring op die berg gesien, 'n landmerk wat ek altyd gebruik het in hierdie woude. Ek en die veldwagters het 'n telefoondraad opgesit na daardie toring, en ek het die pad goed geken langs daardie draad omdat ek dit help lê het. Deur weer na die toring te kyk het ek besef ek was op pad na my dood, sonder om dit te weet, maar Hy is "'n baie teenswoordige hulp in die tyd van probleme." Wat was dit? Dit was Sy magtige hand wat die sneeu teruggerol het om my die toring te laat sien. Dit was Hy wie die wind en die golwe oorwin het vir Sy dissipels — en nou het Hy hierdie storm oorwin vir my, 'n magtige storm gestop om een verlore ellendeling soos ek te red.

56 Ek het my gesig na daardie toring gedraai, 'n reguit rigting gehou — dit het baie donker geword maar ek het nie my gesig verander uit die rigting van die toring nie. Ek het geweet dat ek nou die draad sou tref wat van die toring na die hut gegaan het, en by die hut was 'n afdak waar ek my vrou en seun sou vind.

57 Soos ek geloop het het ek aanhou sing: "Ek vertrou in my Here, ek staan op Sy Woord," en ek het gedink: "O, as ek net daardie telefoondraad kan voel," en ek het aanhou loop met my hand opgelig in die lug sodat as ek onderdeur dit sou loop ek dit sou tref. Ek het net omtrent hoop opgegee toe my hand iets getref het — dit was die draad! Ek sou nie daardie draad los nie, ek het my geweer neergegooi, my hoed afgehaal, en daar in die donker het ek soos 'n babatjie gehuil want ek het geweet God het my gehelp, en aan die einde van daardie draad het my vrou en my baba vir my gewag. Ek het aan daardie draad vasgehou die heelpad met die berg af en is veilig gebring na my geliefdes.

58 Broer, eendag toe ek erger verlore was as daardie, het ek 'n stem met my hoor praat en sê: "Ek is steeds die Magtige Oorwinnaar wat al jou sondes kan opklaar," en ek het my hand gelê op die krag van Almagtige God wat my geskud het van die top van my hoof tot by my voete. Ek sal my hand op Hom hou, want aan die einde van hierdie pad wag my Verlosser, en my geliefdes. Ek sal vashou aan die draad wat lei vanaf die kruis na heerlikheid, en Hom vertrou totdat ek sterf, want Hy het al my vyande oorwin, Hy het my siektes oorwin, Hy het my sondes oorwin, en Hy het my gemaak "meer as oorwinnaar in Christus Jesus," Wie alles vir my oorwin het.

59 O, sondaarvriend, as jy verlore is — as jy nodig het om Sy hand te neem wat jou sal lei na veiligheid — nou is dit tyd! Die storms van hierdie lewe sal jou inhaal en jy sal vir altyd verlore wees — reik op en neem Sy hand terwyl ons ons hoofde buig en bid . . .

My opregte waardering aan Leo Mercier en die direkteure vir hulle werk en gewilligheid om saam met my te werk en vir julle hierdie boekie te bring, wat ek bid 'n seën vir julle sal wees en die Koninkryk van God sal bevorder —

William Branham.

Deur Mejuffrou Rosella Griffith van Joliet, Illinois

Ek wil graag my getuienis hier gee, want Jesus het gesê "Gaan en wees 'n getuie vir my"...en ons oorwin deur die Bloed van die Lam, en deur die woord van ons getuienis. En ek kon nie 'n getuienis gee soos hierdie as ek in my ou self was nie, maar ek is nie in myself nie, ek is in Christus Jesus.

Ek is 'n enigste kind, en solank as wat ek kan onthou het ek bly soek na iets om my gelukkig te maak. Ek het na iets bly soek, ek het nie geweet wat nie. Ek het vrede en vreugde gesoek. Ek moes speel met die ander kinders in die buurt, en dit het geblyk asof ek nooit ingepas het nie. Ek is as 'n kind gestuur na die Metodiste Kerk in ons klein dorpie in Suidelike Illinois. Toe ek ses jaar oud was het ek saam met my ouma gegaan na herlewing, en afgegaan met die saagselpaadjie om my hart aan Jesus te gee, maar niemand het my gehelp nie. Ek is bevrees ek het nie vir Hom gelewe nie. Ek het Sondagskool toe gegaan, kerk, en in die somer na die Jeugkamp gegaan van ons kerk, maar deur dit alles, het ek nie Jesus Christus as my Verlosser geken nie. (Ek het stories van Jesus geken, maar ek het Hom nie regtig geken op hierdie tydstip nie.)

Toe het ons getrek na 'n ander stad, en na die graduasie van Hoërskool, het ek in 'n kantoor begin werk, 6 en 7 dae 'n week, 3—11 n.m. skof. So wanneer die meisies 'n aand afgehad het, sou ons saam uitgaan. Baiekeer sou ons in Chicago ingaan. Ons het gedink ons het pret gehad. Ons sou dans, en nodeloos om te sê sou ons 'n paar drankies drink. Hulle kon ophou wanneer hulle wou ophou drink, maar ek kon nie, want ek sou ekstra drankies bestel, al ver voor hulle. Ek was nie onsedelik nie, maar God het gesê een sonde is so groot soos 'n ander in Sy oë. Ek het die feit gehaat dat ek verplig was om iets te doen bo my eie wil. In die jaar van 1949 het ek geweet ek was 'n bevestigde alkoholis (ek wou dit nie eens aan myself erken nie). Ek was aan die onderkant van die leer en dit het gelyk asof daar geen hoop vir my was nie. My ouers wou my help, maar hulle het nie geweet hoe om my te hanteer nie, want nie een van hulle het gedrink nie. In my hart wou ek vry wees, en ek het enigiets probeer om my gedagtes van drink af te kry, maar dit het nie die gewoonte weggeneem nie.

Uiteindelik het ek besluit ek sou Alkoholiste Anoniem probeer, gedink hulle mag my help. Ek was nie eintlik gelukkig in hierdie organisasie nie, hoewel ek nugter gebly het vir 9 maande deur na hulle byeenkomste te gaan. Ek het elke dag aan die onderpunt van my bed gebid, vir God om my nugter te hou. HY het my nugter gehou, maar ek was nie gelukkig of vry nie. Voordat ek by Alkoholiste Anoniem aangesluit het, was ek in en uit hospitale, totdat hulle moeg geword het om my te sien inkom. Ek het na 'n alkoholiste hospitaal in Chicago gegaan

waar dit $150.00 kos vir 5 dae, en my ouers was nie ryk mense nie, want met hospitaal en dokter rekeninge wat opgestapel het. Op hierdie stadium van my lewe, was ek so swak, gewig verloor, en net ellendig. Vyf dokters het my heeltemal opgegee, een dokter het gesê ek sou in ses maande se tyd in 'n inrigting vir kranksinniges wees. Bure het my opgegee, predikers het nie geweet wat om te doen nie. Een prediker het uitgekom en my geredeneer oor die Skrifte. (Wat ek nodig gehad het was iemand wat kon maak soos die dissipels gemaak het, die duiwel van alkohol beveel om uit te gaan in die naam van Jesus Christus.)

My Pa het vir my Moeder gesê om op te hou bid vir my, want ek sou nooit verander nie, maar sy het gesê miskien sou ek nie verander nie, maar sy het geweet God was in staat om te verander. Moeder het vir my 'n pelsjas gekoop, gedink as ek val in die koue ek nie sou vries nie. Ek het die sakke van die jas gesny en bottels reg rondom die voering van die jas gesit. Ek is so bly my Moeder het by my gestaan, en aan God se Woord vasgeklou toe almal gesê het ek kan nie anders wees nie. Alhoewel ek haar beskaam het, en sy nie verstaan het hoekom ek gemaak het soos ek gemaak het nie, het sy steeds by my gestaan. Wanneer ek 'n koppie of 'n glas opgelig het om uit te drink, het ek so geskud, dat ek dit moes oplek soos 'n hondjie.

Ek het Katoliek geword in die soeke na gemoedsrus, alhoewel ek nie daarin geglo het nie. Hulle het vir my gesê ek het hulp nodig, maar my nie aangestuur na Christus nie. Alles in ag genome, het elkeen behalwe my Moeder op aarde my opgegee as hopeloos. Toe ek op die ergste was wat ek ooit was, het my Moeder my in 'n visioen gesien as gered, agter 'n preekstoel wat 'n Bybel ooprits. Sy het God geglo. Omdat God haar 'n visioen gewys het, liewer as om vyf aardse dokters te glo, later is hierdie visioen vervul. Toe ek op die ergste was, in die einde, het 'n dokter heelnag lank by die voet van my bed gewag, vir my om my laaste asem uit te blaas. Ek is so bly daar was 'n Groter dokter as daardie dokter wat daar gestaan het, wat geweet het ek sal nie sterf nie, maar lewe om SY Naam te verheerlik. Jesus het gesê: "Die dief kom om te soek en te verslind en te vernietig, maar Ek kom dat julle lewe mag hê en dit meer oorvloediglik."

Rondtastend na 'n ligstraaltjie, toe die lewe die donkerste was, het 'n paar mense my vertel van 'n diens in Hammond, Indiana, waar 'n Profeet van God, Eerw. William Branham, gebid het vir die siekes, waar die verlamdes geloop het, waar die blindes genees is, kankers genees is, en wonderwerke gedoen is in die Naam van Christus. Ek het geklou aan hierdie woorde, want ek het gedink as hierdie mense genees kan word, dan kan ek sekerlik ook genees word. Ons het na die diens toe gegaan die derde dag nadat ons van die diens vertel is. My

moeder, haar vriend en ek het gegaan na die Civic Sentrum daardie dag op 11 Julie 1952, waar die diens gehou is. Ek het die mense sien sing en God prys. Ek het gedink hulle was sekerlik gelukkig. (Ek het steeds uit die hoek van my bril gekyk om te sien hoe hulle optree, en ek het gedink ek sou saam met hulle gaan, as ek hulp kan kry). Later sou ek uitvind dat hier werklike vreugde is om Jesus Christus te dien. Geen wonder hulle was so gelukkig nie. Ons het teruggekom na die middagdiens, en ek het 'n gebedskaart gekry. Een ding wat ek onthou van die diens was hoe hulle klem gelê het "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Ek het nie een Skrif vir genesing geken nie, grootgemaak in 'n moderne kerk, ek het net gedink as God die heelal en al sy wonders en vir my gemaak het, dan sou dit 'n klein dingetjie vir Hom wees om my liggaam te genees. Ek het my hoof gebuig en God gevra as dit Sy wil was om my te genees, om 'n manier te vind. Dis al wat ek gesê het. Ek het nie geweet die Bybel sê "Deur Sy wonde **is** ons Genees" nie. Ek het 'n gebedskaart gekry. Br. Branham het gekom en gepreek. Na die preekdiens het Br. Branham geroep J25—J50 gebedskaarte, myne was derde in die ry, J27, so ek het gegaan in die wete dat as ek voor hierdie man van God gestaan het, ek genees sou word. Toe ek in die lyn kom, het Br. Branham gesê hy het my in duisternis gesien. Hy het gesê: "Glo jy in God se Profeet?" Ek het gesê: "Ja." Br. Branham het gesê: "As God aan my openbaar wat die fout met jou is, en as Jesus jou genees, sal jy Jesus dien die res van jou lewe"? Ek het gesê: "Ja." Br. Branham het vir die gehoor gesê om hulle hoofde te buig, en sy hand op my hoof geplaas, en die duiwel van alkohol bestraf uit my lewe, in die Naam van die Here Jesus Christus, en ek het die platvorm verlaat **vry**. Ek het so wonderlik gevoel dat vir die eerste keer in my lewe ek VRY was. "Wie die Seun vrygemaak het, is inderdaad vry." Jesus het my liggaam genees in 'n kwessie van sekondes, waar ek vir enigiemand anders 'n probleem was. Prys Sy heilige Naam. Ek het 'n diens op my eie gehad toe ek daardie platvorm verlaat het. Goeiste, hoe bly was ek (want ek het iets gehad wat ek my hele lewe lank verlang het) in Christus.

'n Dame het na my toe gekom, en gesê sy het so jammer vir my gevoel, en ek het vir haar gesê sy hoef nie, want Jesus het pas my liggaam genees, en ek was reg. Sy het my gevra of ek haar dogter sal bel en ek het haar drie keer gevra wat verkeerd was met haar. Sy het gesê sy was 'n bevestigde dwelmslaaf. Die FBI kon haar nie eens kry vir maande nie, maar sy het nou huis toe gekom. Sy was 'n danser, saam met Fred Astair, en het hulp nodig gehad. Wel, sy het vir my haar telefoonnommer gegee en vir my gesê om haar met 'n kollekteer oproep te bel. Ek moes, want ek het pas 'n goeie werk verloor. Mense het my gesê om haar nie te bel nie. Ook my Moeder het vir my gesê om haar nie te bel, en weer deurmekaar te raak nie. Wel, daardie nag aan

die huis toe gaan van Hammond, Indiana, nadat ek pas genees is, het ons gestop vir koffie of roomys (moet my nie vra wat ek geëet het nie, want ek onthou nie, ek was te verheug).

Daardie nag het ek na God gekom, Hom gevra om my te wys ek was gered, want ek het geweet ek was genees. Ek het vir God gevra om my van elke sonde te vergewe wat ek ooit teen Hom gedoen het, want ek was jammer. Ek het gewag vir omtrent tien minute, en het daar gelê op my bed met my arms uitgestrek, het my einste siel my liggaam verlaat, opgegaan na die plafon, en ek was bang. Ek het my Moeder geroep, en sy het gesê ek was net gered. Ek was so bly. Die volgende oggend nadat ek gered en genees is, het ek opgestaan, geëet, en vir Moeder gesê ek voel 'n sterk drang om daardie meisie te bel. Ek het na die telefoon gegaan en 45 minute met hierdie meisie gepraat. Sy het elke verskoning gekry om nie na die diens te gaan nie, en toe het sy my gevra hoe ek geweet het ek was genees. Ek het vir haar gesê ons het enigiets anders probeer, so laat ons die Here Jesus probeer. Ek het die volgende dag na die diens gegaan, nadat ek gered is en genees is, en die meisie ontmoet (eerste keer wat ek haar ooit in my lewe gesien het). Sy het 'n gebedskaart gekry en haar nommer is geroep. Sy het my gevra of ek saam met haar sou gaan na die lyn. Ek het, en sy het my gevra wat sy moet doen. Ek het haar gesê om alles anders te vergeet, en net Jesus te glo. (Dink ek was self net gered en genees die aand tevore, en ek het opgetree asof ek geweet het waaroor dit alles gaan.) Sy was laaste in die lyn, en Br. Branham het vir haar gebid. Jesus het haar genees, en hoe gelukkig was ons albei toe ons mekaar gesien het, trane wat langs ons wange afgeloop het, in die wete dat dit die krag van God was wat ons vrygemaak het. Hoe wonderlik om Christus te dien! Die Here is wonderlik! Jesus het vir my 'n goeie werk gegee na gebed, en ek sou bid vir verhoging, en ek sou hulle ook kry. Daar is niks te moeilik vir God nie.

Een week nadat ek gered en genees is, het ek na die diens toe gegaan. (Ek het elke dag daarna gegaan tot die einde van die diens.) 'n Man het saam met ons gegaan wat 'n alkoholis was, en ook my moeder en pa. Na Br. Branham gepreek het, het hy geroep vir die gebedskaarte. My Pa het gebedskaart R60 gehad. 'n Te groot getal om geroep te word, so ek het my hoof gebuig en gebid. Ek het God gevra om die alkoholis man te genees, soos HY my het. Ook om my pappa te genees en hom te red. Br. Branham het omgedraai en gesê: "Daardie meisie bo in die balkon is 'n week gelede genees van dieselfde ding wat jy is, meneer. Sy bid vir jou, en sy bid ook vir iemand anders. Dis haar pa. Laat hom opstaan. Sit jy jou hand op sy hoof. Laat hom sy gehoor en verlossing aanvaar.

Ek het altyd eers gebid, dan het ek gevra vir my vakansies om na Br. Branham se dienste te gaan. Ek het gevoel elke keer

wat ek gegaan het, het ek hulp gekry. Ek voel bevoorreg om te gaan na soveel dienste soos ek gaan, en ek dank God waarlik. God het geglimlag oor my lewe. My pa het begin gaan na Sondagskool en Kerk saam met my en my moeder, en ek het waarlik 'n splinternuwe lewe in Christus. 2 Kor. 5:17: "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; kyk, die ou dinge het verbygegaan, kyk dit het alles nuut geword."

Laat my een ding sê, ek het **nooit** na drank gesmag na daardie nag 11 Julie 1952 nie. Ook het die Here die gewoonte van rook ook weggeneem. So nou gaan ek na tronkdienste om siele te probeer wen na Christus, ook na boemelaar sendings. Ek gaan na klein kerkies, groot kerke, enige plek waar ek kan getuig vir Christus, want Hy het soveel vir my gedoen. Ek kan Hom nooit genoeg bedank nie. Die Bybel sê: "Hy wat My woorde hoor en aan Hom glo wat My gestuur het, het ewige lewe, en sal nie na die oordeel gaan nie, maar het oorgegaan uit die dood na die lewe."

Ek kon nie getuig aan mense soos ek nou doen, as ek in my ou self was nie, want ek sou skaam wees, maar ek is nie in myself meer nie, ek is in Christus. Jesus het gesê: "Omdat Ek lewe, sal julle ook lewe." Ek is so bly vir 'n Christen moeder wat nie wou opgee nie, hoewel sy bespot is in ons buurt, ens. Maar nou is ons huis 'n gelukkige plek. Ek is so bly dat Jesus gesê: "Ek het gekom om die gevangene vry te stel." Ek dank God waarlik vir Sy genade en liefde aan my. God het my Moeder se gebede gehoor, my eerlike hart gesien, wat wou vry wees, en Sy Profeet, Eerw. William Branham na Hammond, Ind. gestuur, om Christus na my lewe te bring. Waarlik, het ek die grootste Christen respek en liefde vir Br. Branham, en waarlik is hy 'n ware Profeet van God. Ek is so bly dat Jesus my gesien het en verstaan het, en geweet het ek wou vry wees. Prys Sy Naam.

Daar is meer as 1179 oorspronklike Engelse boodskappe van Broer William Marrion Branham wat opgeneem en beskikbaar is in oudio formaat. Baie van hierdie boodskappe is beskikbaar in gedrukte vorm. Daar is kantore en biblioteke in nasies om die wêreld wat hierdie boodskappe geredelik beskikbaar het in baie tale.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Vir meer inligting of nog boodskappe van Broer Branham kontak asseblief:

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org